

**12 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:43-48 (OAV)  
Fokusgedeelte: Matteus 5:44**

**'n Geloofwaardige getuie is selfs bereid om sy vyande lief te hê!**

Christus gee aan ons die opdrag om nie te haat nie, maar lief te hê. In plaas van afguns, haat, woede en wraaklus moet ons ons deur die Gees van God laat beheers, soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word. “Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeðhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

Jesus gee aan ons die opdrag om selfs ons vyande lief te hê; dus het ons die opdrag om as *geloofwaardige Ggetuies* van die nuwe lewe in Christus ons naaste nie te haat nie, maar lief te hê.

Liefdeloosheid is die kenmerk van die dood, 'n kenmerk van die sonde en die sondige wêreld. Niemand kan sê dat hy God liefhet en lewe deur die Gees, terwyl hy sy naaste verontreg, haat, bespot en doodmaak nie.

Christus het die volmaakte soenoffer gebring; Hy het die volmaakte liefde betoon. Ons optrede teenoor mekaar moet van ons liefde en dankbaarheid teenoor Christus getuig, want ons is nie meer van die sondige wêreld nie.

Ons optrede moet tot eer van God en ons naaste wees, sodat Christus daardeur verheerlik word. Selfs al haat die wêreld ons, een van ons doodsvyande, het ons nog steeds die opdrag en die voorbeeld van Christus dat ons moet liefhê. Ons moet liefhê, al word ons bespot, vervloek en gehaat. Ons moet ook ons vyande liefhê. Ons lewe in Christus en waar daar lewe is, is daar liefde.

Deur die genade van die Gees is daar ware liefde tot God en ons naaste. “Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.”

*Sing: Psalm 133:1 (1936)*

*Ds. LAS Nel (Elandskraal)*